E

ADRIAAN JACOBUS BOOYSEN VERKLAAR :

Ek is NR. W35919T A/O in die S.A. Polisie verbonde aan die Veiligheidstak en gestasioneer te Pietersburg. Tel. 01521-75255.

Gedurende Desember 1981 was ek aangesê om behulpsaam te wees me 'n ondersoek wat te John Vorsterplein geskied.

Op Vrydag 1981-12-04 was ek aangesê om behulpsaam te wees met di ondervraging van Prima Naidoo te Vereeniging.

Ek was bemoeid met sy ondervraging vanaf 1981-12-04 tot en met 81-12-10 toe hy deur luit. Steyn na Kapt. Steyn verbonde aan di Veiligheidstak, Vereeniging geneem is om 'n bekentenis af te lê.

Op 81-12-04 het ek Naidoo, vanaf 16h00 tot 22h35, en die selle te Vereeniging ~~besoek~~ bewaak aangesien hy na bewering dreig om selfmoor te pleeg.

82.10.06

Op 1981-12-04 vanaf 22h35 was myself en S/A/O Smit bemoeid met d ondervraging van Naidoo tot 82-12-06. Vanaf 81-12-07 om 22h00 wa luit. Steyn en myself vermoeid met sy ondervraging tot 81-12-10 Naidoo oorgeplaas is na art. 6 vanaf art. 22.

Sedert 81-12-11 was luit. Steyn en myself bemoeid met die onder vraging van Naidoo om 'n volledige relaas van sy bedrywighede te bekom.

Tydens ondervraging was ek en A/O Smit deurentyd bymekaar, vanaf 1981-12-07 was ek en luit. Steyn meeste van die tyd bymekaar.

Ek self of niemand anders het ooit vir Naidoo in my teenwoordigh aangerand of mishandel nie.

Tydens ondervraging was aan Naidoo koffie,tee en vrugte asook snoeperye voorsien wat ons uit ons sakke aangekoop is. Ons het selfs saam met Naidoo om die beurt koffie en tee gemaak.

Op 'n dag het luit. Steyn my gekonfronteer oor 'n klap, wat ek Nai na bewering sou gegee het. Ek was verbaas en het dit ontken. Ek het Naidoo in die teenwoordigheid van luit. Steyn oor hierdie valse bewering gekonfronteer. Ek het aangebied om hom na 'n land te neem sodat hy 'n verklaring kan maak, sodat die beweerde aant ging ondersoek kan word. Naidoo het my om verskoning gevra en g hy weet nie waarom hy die bewering gemaak het nie.

Ten tye van die ondervraging was die gesindheid tussen my, Naido A/O Smit en luit. Steyn baie goed. Wanneer hy kla dat hy moeg e vaak is het ons hom laat rus.

.............................. A/O

A.J. BOOYSEN

1. ... you know and understand the contents of the declaration?

Ja

2. Do you have any objection to taking the prescribed oath?

Answer ... Nee

3. Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience?

Answer ... Ja

I certify that the deponent has acknowledged that he knows and understands the contents of this declaration which was sworn to before me and the deponent's signature was placed thereon in my presence.

Doryanne J/o

G.J. Kriel Kapt

Commissioner of Oaths

Volle voorname en van / Full first names and surname: Gideon Jacobus Kriel

(BLOKSKRIF/BLOCK LETTERS)

Getuie Joelson STUD (F) DORIANNE JOELSON

Designation (rank): Kaptein

Republiek en Suidwes-Afrika / Ex officio Republic and South-West Africa

Business address: John Vorsterplein

(Straatadres moet ingevul word/Street address must be stated)

Commissionerstraat, Johannesburg

Datum / Date: 1982.10.06 Plek / Place: Johannesburg

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.